# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 190 21 Mei 2021



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

**Waarheid en eenheid**

Die koor van stemme wat roep om eenheid is ondoofbaar luid. Op politieke terrein is daar telkens die oproep om as sogenaamde reënboognasie te verenig. Die wêreld-ekonomie snel na die stasie van geïntegreerde ekonomiese eenheid. Daar is die stemme wat eenheid soek op die sportveld, in die skole en kerke.

Die groot strewe na eenheid ignoreer die vraag wat gestel moet word, 'n vraag wat blykbaar nie gewaag mag word nie. Is eenheid die grootste en beste ideaal om na te strewe? Is eenheid met ander woorde die hoogste waarde in die heelal?

Kyk ons na die leuses van verskeie lande, word dit duidelik dat die strewe polities hoog aangeslaan word. Die ou RSA se leuse was "Eendrag maak mag", met die nuwe RSA se leuse as "!ke e: ǀxarra ǁke" - diverse mense verenig. Die VSA se leuse is "*e pluribus unum*" - een uit die baie. Die verenigde volke met hul hoofkwartier in New York is bewys van die internasionale strewe na eenheid.

Die ekumeniese beweging met die WRK en die WCRC as voorbeelde pretendeer om die apostoliese ervaring - eenheid in diversiteit - van die vroeë kerk te herwin. Die gefragmenteerdheid van ons huidige werklikheid word as 'n sondige toestand gesien. Dit is ironies dat die ekumeniese beweging uit 'n sending ywer ontstaan het. In Edinburg (1910) het sending organisasies saamgekom om sending te koördineer. Iewers in die gesprek het sending gesterf en het die strewe om eenheid in die geledere van gelowiges die fokus geword. Hulle het ophou preek vir die ongelowiges en vir die gelowiges die eenheidspreek begin gee!

Eensgesindheid is belangrik, maar weer kom die vraag; is eenheid die hoogste ideaal om na te strewe?

Kom ons ondersoek die saak deur een stelling van John MacArthur te ondersoek. Hy is 'n bekende in die VSA se "*evangelical*" beweging. Sy stelling is dat dit beter is om in waarheid van mekaar geskei te wees, as om in dwaling (en leuens) eenheid te vind. Hy beweer dat die waarheid in sy wese verdelend is. Hiermee bedoel hy nie dat die waarheid verdelend tussen mense inwerk nie, maar dat die keuse vir die waarheid uiteraard mense verdeel.

Waarheid duld nie die leuen nie. Die goeie leuen het 'n stukkie geloofwaardigheid

(waarheid) in hom. Dit wat verregaande klink, sal kwalik geglo word. Die waarheid word met die gif van die leuen gemeng en die resultaat is 'n leuen wat goed klink. Dieselfde kan van dwaling gestel word. Daar is in elke dwaling net genoeg van die Bybel, om die dwaling aanloklik te maak. In die kerk kan dit noodlottig wees. Verenig die kerk onder die leuen, gaan die kerk tot niet. Word die waarheid van die Evangelie voorop gestel, is die resultaat menigmaal dat die kerk skeur. Male sonder tal word diegene wat vir die waarheid opgestaan het, die skeurmakers genoem. Ons sien dit in ons eie land se geskiedenis. Die NGKSA se foutlyn is ten opsigte van waarheid van die Evangelie teenoor eenheid in verdraagsaamheid en relativering van die Bybel; dit word al hoe meer duidelik. Dit is die profetiese taak van gelowiges om foute uit te wys, om dwaling te bestry. Die dwaling verdwyn nie wanneer die teenparty verguis en beledig word nie.

Dit gaan oor prioriteite, oor die sake wat eintlik van belang is. Eenheid en eendragtigheid is 'n goeie ideaal en selfs resultaat, maar die waarheid staan bo enige ideaal oor eenheid. Op die skaal van ewigheid weeg waarheid altyd die meeste. Dit beteken nie dat mense nie in die waarheid kan verenig nie. Dit beteken net dat die waarheid staan teenoor die leuen.

Die leuen en dwaling is anders, dit kan die waarheid verdra en verdraai. Die dwaling wil insluit en verwring. Die waarheid duld nie die leuen en dwaling nie. Die waarheid sal altyd verdelend wees in die teenwoordigheid van die leuen en dwaling. Die dwaling sal altyd die waarheid wil relativeer met iets soos "ook reg".

In teologiese konteks staan die suiwer leer teenoor enige dwaling wat aangehang word. Dit is opvallend dat iemand in die persoon aangeval word, verneder word in elke poging om dwaling en die waarheid aan iets soos eenheid ondergeskik te stel. Die laster en verdagmaking wat GHG predikante vandag nog moet verduur, is die gevolg van hulle keuse om die suiwer Evangelie te kies. Daardie keuse het in homself die verdeling genoodsaak. Indien skeuring en dwaling teenoor eenheid en lojaliteit op die skaal van ewigheid en Evangelie geplaas word, is dit vanselfsprekend watter een die swaarste gaan weeg.

Dit is nie net die vernedering wat ingespan word nie, maar ook misplaaste lojaliteit. Die opname van die BAKV waar die NHKA se regskenner die vergadering manipuleer dien as sprekende voorbeeld. Daar het hy in soveel woorde gestel dat dit die NHKA se hofsaak skade sal doen indien die BAKV besluit dat die aanvaarding van beskrywingspunt 54 *ultra vires* was. Daardie een besluit in lojaliteit het die leuen 'n vesting gegee wat hy nie verdien nie.

Ons moet sorg dra om nie te verenig in die dwaling nie, maar om in die waarheid te verenig.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### HOFGEDING

Hofgeding - Die eerste rondte van die hofsaak het op 31 Maart ten einde geloop. Daar was een saak op die hofrol, naamlik die vraag na die regsgeldigheid van enige aksies deur die NHKA Litigasiekomitee. Dit is 'n baie belangrike tegniese punt. Advokaat Roelof du Plessis SC het namens die steedsHervormers en die Bond se gemeentes opgetree.

Die argument wat hy gevoer het is iets soos die volgende:

Die Kerkorde laat die Kommissie van die AKV toe om rade, komitees en kommissies te benoem om sekere werkopdragte aan te pak en selfs af te handel. Enige besluite, veral besluite aangaande handelinge met finansiële implikasies moet deur die Kommissie geneem word. Die magte mag volgens die reg en die Kerkorde nie afgewentel word aan 'n komitee nie. Die Litigasie komitee mag benoem word. Die Litigasie mag die aanvoorwerk doen, die aanbevelings formuleer en dies meer. Die Litigasie komitee mag nie besluite neem en deurvoer nie, dit is die taak van die Algemene Kommissie. Die Kommissie het hulle magte en pligte geabdikeer of oorgedra aan die Litigasie komitee. Dit kan nie eens in terugskoue geratifiseer word nie omdat die komitee van meet af geen magte gehad het nie.
Die NHKA is deur die bekwame advokaat Dolf Raath SC (hulle sesde advokaat) verteenwoordig. Hy het beweer die Litigasie komitee het die mag.
Die regter het uiteindelik nie in ons guns bevind wat die spesifieke geskilpunt aangaan die litigasiekomitee betref nie. Die saak moet nou sy verdere loop neem en ons sal poog om nou die hele saak so gou as moontlik afgehandel te kry. Daar is dus geen rede om enigsins bekommerd te wees oor die uitspraak met betrekking tot die litigasiekomitee se status nie. Dit affekteer glad nie die res van die saak nie.

**DIE BONDSVERGADERING**

Die Bondsvergadering te Stilfontein wat beplan is vir 12-14 September 2021 gaan voort. Die Skriba het reeds die relevante dokumentasie aan gemeentes gestuur. Kerkrade moet die afgevaardigdes nomineer en die Geloofsbrief en mandaat invul. Geloofsbriewe, mandate, verslae en beskrywingspunte moet teen 18 Junie by die Skriba ingedien wees.
U word daaraan herinner dat die mandate verwys na die finansies en slegs dit wat op die Agenda geplaas word.

**BONDSDAMES PROJEK**

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Die volgende word nou aan almal bekend gestel:
Kwilt: 2021



Koningin grootte (2450 x 2450 )
Tema: Nostalgie
Alle lootjie lyste moet op die 30ste Junie 2021 ingehandig wees by Alida van Wyk
Lootjie lyste kan in geskandeer word en ge-epos word na vanwyka@mweb.co.za
Gelde t.o.v. die lootjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing Kwilt 2021
Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word.
Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing

**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**
**Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**
**Rekeningnommer: 6243 092 3088**
**Tak: Pretoria-Noord**
**Takkode: 250 655**
Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word.
Loopfoon: 083 680 5121
Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com






# SELFSTANDIGE HERVORMDE GEMEENTE MAKWASSIE

Bied aan

## JAGKOMPETISIE 2021



**Paket sluit in:**

**1 x Blesbok en 1 x Springbok**

**3 Nagte verblyf vir maksimum 8 mense**

**Jag te Oersonskraal, Makwassie by Kosie Scheepers**

**Die bokke wat gejag kan word sal uitgewys word deur die eienaar.**

**Trekking word gehou op 24 April 2021 waarna u telefonies in kennis gestel sal word.**

**SLEGS R 200 PER INSKRYWING!!!**

Bank:
FNB
SHG Makwassie
Tjek rek.: 62464426032
Tak: 240 638



Kontak:
Kosie Scheepers
083 285 9138

# Cullinan se Premier Wynveiling

31 Julie 2021

## Veiling

met Thys (ete en drank ingesluit)
18:00-21:00

R500 deposito per bieër,
R400 terugbetaalbaar.
R100 Metgesel

Bepalings en voorwaardes geld

## Kunsuitstalling

(Norbert Schling & talle ander)

&

## Kreatiewe mark

## Saamsmaak / "Pairings"

10:00 Kolwyntjie & Wyn
11:00 Sjokolade & Wyn
12:00 Sop & Sjerrie
13:00 Gin & Jelly Babies
14:00 Bier & Bees

R50 per saamsmaak / "pairing"
5 vir R200

Besprekings:
Yvette Otto
072 223 7522

Zonderwaterstraat 6
Cullinan